## *Isa 29:1*

WEE AriEl, AriEl, Stad waar Dawid laer opgeslaan het! Voeg jaar by jaar; laat die Feeste hulle kringloop volbring - [Levítikus 25:2; JeshaJaH 63:4; 2 Ezra 4:37]

Isa 29:2 dan sal Ek AriEl benoud maak, en daar sal geklaag en geklag wees, en dit sal vir My soos AriEl wees.

Isa 29:3 En Ek sal in 'n kring teen jou laer opslaan en jou met wagposte beleër en skanse teen jou oprig.

Isa 29:4 Dan sal jy diep uit die Aarde spreek, en op dowwe toon sal jou woord uit die stof voortkom; en jou stem sal uit die Aarde opkom soos dié van die gees van 'n afgestorwene, en uit die stof sal jou woord piep.

Isa 29:5 Maar die menigte van jou verbasterdes sal word soos dun stof, en die menigte van die tiranne soos kaf wat wegwaai; en dit sal heeltemal onverwags gebeur.

Dan 2:34 U het gekyk totdat daar sonder toedoen van [mense]hande 'n klip losraak wat die beeld getref het aan sy voete van yster en van klei en hom fyn gestamp het. [JeshaJaH 44:8]

Dan 2:35 Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die brons, die silwer en die goud fyn gestamp, en hy het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie; maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele Aarde gevul het.

Dan 2:41 En dat die voete en die tone, soos u gesien het, deels van pottebakkersklei en deels van yster was - sy sal 'n verdeelde koninkryk wees, en van die hardheid van die yster sal in haar wees, omdat u die yster met kleigrond gemeng gesien het.x

Dan 2:42 En dat die tone van die voete deels van yster en deels van klei is - 'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees.

Dan 2:43 Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het - hulle saad sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar

hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.

Dan 2:44 Maar in die dae van dié konings sal die Elohey van die Hemele 'n Koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy van Haar sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; Sy sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal Sy vir ewig bestaan - [DaniEl 6:26]

Dan 12:6 En een het aan die Man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, gesê: Hoe lank sal die einde van hierdie wonderbaarlike dinge uitbly?

Dan 12:7 Toe hoor ek die Man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, en Hy het Sy regterhand en Sy linkerhand na die Hemele opgehef en gesweer by die Ewig-Lewende: 'n Tyd, tye en 'n halwe tyd en as hulle die Hand van die volk van Apartheid geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word.

Dan 12:8 En ek het dit gehoor, maar nie verstaan nie; daarom het ek gesê: My Meester, wat is die uiteinde van hierdie dinge?

Dan 12:9 En Hy het gesê: Gaan heen, DaniEl, want die woorde bly verborge en verseël tot die tyd van die einde toe.

Dan 12:10 Baie sal hulself veredel, hulself verblank en hulself uitsuiwer, maar die besoedelde sal meer besoedel word; en geeneen van die besoedeldes sal verstaan nie, maar die verstandiges sal verstaan. [Boekrol van Henog 38:4; Openbaring 22:11]

Dan 12:11 En van die tyd af dat die voortdurende afgeskaf en die veragtelike gruwel opgerig word wat lei tot die verwoesting, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop.

Vanaf 6 April 1652 tot 6 April 2017 is presies 365 jaar, plus n kwart wat moet bykom, maak dit dan 6 Julie 2017, dus n volle jaar omwenteling. (jaar het 365.25 dae)

Vanaf 16 Desember 1838 tot 16 Desember 2013 was Tyd (50jr) tye (100jr) en n halwe tyd (25jr) dus 175 jr.

Na 2013 word die hele Bloedrivier laer se amptelike status "Versoeningsdag" met die daaropvolgende brug na die Zulu-vyand se

gedenkplek. Dieselfde dag word die Mandela-beeld voor ons destydse regeringsgebou, die Uniegeboue opgerig.

Vanaf 16 Desember 2013 plus 1260 dae (3,5 jr.) bring dit ons by 16 Julie 2017.